# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 20c Prys**
**Overseas 30c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

VOL. 168] CAPE TOWN, 22 JUNE 1979 KAAPSTAD, 22 JUNIE 1979 [No. 6516


DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1323. 22 June 1979.

It is hereby notified that the Acting State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 73 of 1979: National Supplies Procurement Amendment Act, 1979.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1323. 22 Junie 1979.

Hierby word bekend gemaak dat die Waarnemende Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 73 van 1979: Wysigingswet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1979.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the National Supplies Procurement Act, 1970, so as to provide for control of the disclosure of certain information.**

*(Afrikaans text signed by the Acting State President.)*
*(Assented to 13 June 1979.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Insertion of sections 8A, 8B and 8C in Act 89 of 1970.

**1.** The following sections are hereby inserted in the National Supplies Procurement Act, 1970, after section 8:

"Prohibition of disclosure of certain information.

**8A.** (1) No person shall disclose to any person any information in relation to any goods or any service referred to in an arrangement or order made or issued under section 2 or 3 (1), or any statement, comment or rumour calculated directly or indirectly to convey such information or anything purporting to be such information, except—

*(a)* on the written authority of the Minister or of a controller acting subject to the directions of the Minister;

*(b)* to a person whose duty it is to deal with the subject matter of the disclosure;

*(c)* when required to do so as a witness in a court of law; or

*(d)* for the purposes of this Act.

(2) Any person who contravenes the provisions of subsection (1) shall be guilty of an offence and on conviction liable to the penalties prescribed by section 8B.

Minister may prohibit disclosure of certain information.

**8B.** (1) Whenever the Minister deems it necessary or expedient for the security of the Republic, he may by notice in the *Gazette* prohibit the disclosure of any information in relation to any goods or service, or of any statement, comment or rumour calculated directly or indirectly to convey such information.

(2) Any person who contravenes such prohibition shall be guilty of an offence and on conviction liable to a fine not exceeding seven thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding seven years or to both such fine and such imprisonment.

Minister may enter into certain agreement.

**8C.** (1) Notwithstanding the provisions of sections 8A and 8B the Minister may enter into an agreement with any person or category of persons to exempt such person or category of persons from the provisions of section 8A or 8B or any notice in terms of section 8B and to regulate the disclosure by such

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

__________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1970, ten einde voorsiening te maak vir beheer oor die openbaarmaking van sekere inligting.**

*(Afrikaanse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 13 Junie 1979.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Invoeging van artikels 8A 8B en 8C in Wet 89 van 1970.

**1.** Die volgende artikels word hierby in die Wet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1970, na artikel 8 ingevoeg:

„Verbod op openbaarmaking van sekere inligting.

**8A.** (1) Niemand mag inligting met betrekking tot goedere of 'n diens bedoel in 'n reëling of bevel kragtens artikel 2 of 3 (1) getref of uitgereik, of enige verklaring, kommentaar of gerug wat daarop bereken is om regstreeks of onregstreeks sodanige inligting of iets wat heet sodanige inligting te wees, oor te dra, aan iemand openbaar nie, behalwe—

*(a)* kragtens die skriftelike magtiging van die Minister of van 'n kontroleur wat onderworpe aan die voorskrifte van die Minister handel;

*(b)* aan iemand wie se plig dit is om met die onderwerp van die openbaarmaking te handel;

*(c)* wanneer daar van hom verlang word om dit as 'n getuie in 'n geregshof te doen; of

*(d)* vir die doeleindes van hierdie Wet.

(2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe wat by artikel 8B voorgeskryf word.

Minister kan openbaarmaking van sekere inligting verbied.

**8B.** (1) Wanneer die Minister dit vir die veiligheid van die Republiek nodig of dienstig ag, kan hy by kennisgewing in die *Staatskoerant* die openbaarmaking van inligting met betrekking tot enige goedere of diens, of van enige verklaring, kommentaar of gerug wat daarop bereken is om regstreeks of onregstreeks sodanige inligting oor te dra, verbied.

(2) Iemand wat bedoelde verbod oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens seweduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens sewe jaar of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

Minister kan sekere ooreenkoms aangaan.

**8C.** (1) Ondanks die bepalings van artikels 8A en 8B kan die Minister 'n ooreenkoms aangaan met enige persoon of kategorie persone om sodanige persoon of kategorie persone vry te stel van die bepalings van artikel 8A of 8B of enige kennisgewing kragtens artikel 8B en om die openbaarmaking

person or category of persons of information referred to in section 8A or 8B or any notice in terms of section 8B.

(2) *(a)* Any agreement in terms of subsection (1) shall be published in the *Gazette* and may not be unilaterally cancelled save in the case of a serious breach of the provisions thereof.

*(b)* In the case of a dispute as to the question whether or not there is such a breach, such dispute shall be submitted for a decision to a tribunal specified in the agreement.

(3) In the event of the cancellation of any such agreement the provisions of section 8A or 8B or any notice under section 8B shall apply to such person or category of persons with effect from the date of notification of the cancellation by notice in the *Gazette*.".

Short title.

**2.** This Act shall be called the National Supplies Procurement Amendment Act, 1979.

deur sodanige persoon of kategorie persone van inligting bedoel in artikel 8A of 8B of enige kennisgewing kragtens artikel 8B, te reël.

(2) *(a)* Enige ooreenkoms kragtens subartikel (1) moet gepubliseer word in die *Staatskoerant* en kan nie eensydig gekanselleer word nie behalwe in die geval van 'n ernstige verbreking van die bepalings daarvan.

*(b)* In die geval van 'n geskil oor die vraag of daar so 'n verbreking is al dan nie, word so 'n geskil vir beslissing voorgelê aan 'n tribunaal vermeld in die ooreenkoms.

(3) In die geval van die kansellering van enige sodanige ooreenkoms, is die bepalings van artikel 8A of 8B of enige kennisgewing kragtens artikel 8B op sodanige persoon of kategorie persone van toepassing met ingang van die datum van bekendmaking van die kansellering by kennisgewing in die *Staatskoerant*.".

Kort titel.

**2.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1979.

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY.) LTD., CAPE TOWN—B2367/12 800.
GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS.) BPK., KAAPSTAD—B2367/12 800.